

# Christus in die hemelse heiligdom



## SABBATMIDDAG

### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Romeine 8:3, Johannes 1:29, Openbaring 5:12, Hebreërs 7:1-28, hfst. 9:11-15, Levitikus 16:13, Hebreërs 9:20-23.

### Geheeteks:

“Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig” (*Filippense 2:9, 10, NAB*).

**A**angaande Jesus se bediening in die hemelse heiligdom sê Hebreërs: “Waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédék ’n hoëpriester geword het vir ewig” (*Heb. 6:20, NAB*). Die Skrif, veral die Nuwe Testament, kan nie enigsins duideliker oor die rol van Christus as ons hemelse Hoëpriester wees nie – die taak wat Hy op Hom geneem het na sy soendood hier op aarde (*lees Heb. 10:12*). Vandeesweek bekyk ons Christus se sending in die hemelse heiligdom. Sy bemiddelingswerk is onontbeerlik ter voorbereiding van die eindtydgelowige. Dit is hoekom ons die volgende allerbelangrike vermaning ontvang: “Die heiligdom en ondersoekende oordeel is temas wat die kinders van die Here deeglik moet verstaan. Elkeen moet self ’n begrip van die amp en taak van ons grootse Hoëpriester – Jesus Christus – vorm. Andersins gaan hulle glad nie in staat wees om die soort geloof te beoefen wat nou so broodnodig is nie, of selfs hul spesifieke roeping in Christus reg kan uitleef nie” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 488). Wat doen Jesus vir ons in die hemelse heiligdom en hoekom is dit veral so belangrik dat ons dit as eindtydgelowiges reg moet verstaan?

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 5 Mei.*

## Die hoogste Offer

Die bestudering van Christus se groot soenoffer is van kardinale belang vir die voorbereiding van elke eindtydgelowige. As mense kyk ons dikwels vooruit, na die doelwitte voor ons, en dit maak sin. Tog moet 'n mens beseft dat die Christen se doelwit ook agter hom/haar lê. Ons verwys natuurlik hier na Golgota. Die doelwit wat Jesus daar vir ons verwesentlik het, is onomkeerbaar en finaal. Wat meer is, dit bied ons geloofsekerheid oor die doelwitte wat voor ons is.

**Lees Romeine 8:3, 1 Timoteus 1:17 en hfst. 6:16, en 1 Korintiërs 15:53. Hoekom het God sy Seun na ons toe gestuur?**

---

---

God het Christus as soenoffer gestuur, ten einde sonde in die vlees – m.a.w. in lewende lywe – te veroordeel. Wat beteken dit? Neem in ag dat Jesus onsterflik is en derhalwe nie kan doodgaan nie. Daarom het Hy 'n mens geword. Hy het ons sterflikheid op Hom geneem, sodat Hy as mens in die plek van die mens kon sterf. Hoewel Hy bokant die skepping is, en in wese God is, het Jesus “aan mense gelyk geword.” Sodoende het Hy Homself verneder en was Hy “gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis” (*Fil. 2:6-8, NAB*). Op 'n manier wat slegs aan God bekend is, het die goddelikheid van Christus nie saam met Hom aan die kruis doodgegaan nie. As nietige wesens verstaan ons nie hoe Jesus se goddelikheid gedurende die nege maande in Maria, en ook toe Hy in die graf was, dormant gebly het nie. Verder het Hy nooit sy goddelikheid gebruik om sy menswees 'n hupstootjie te gee nie.

**Lees Lukas 9:22. Wat sê dit vir ons oor die feit dat Christus hom voorgeneem het om vir die mensdom te sterf?**

---

Christus is gebore om te sterwe. 'n Ewigheid lank het Hy geweet dat bespotting, geseling, mishandeling en 'n hartverskeurende kruisiging op Hom gewag het – kan jy jou dit indink? Dit is waarlik 'n weergalose liefde, 'n ongekende gebeurtenis wat die verstand te bowe gaan.

**Hoe kan die mens op daardie grenslose liefde reageer, anders as om voor die Here neer te val en Hom in geloof en gehoorsaamheid te aanbid? Wat sê die werklikheid van die kruis vir ons omtrent die nuttelosheid van ons verbete pogings tot verdienstelikheid?**

## Die Lam van God

**Lees Johannes 1:29, Openbaring 5:12 en hfst. 13:8. Watter enkele beeld verskyn in al hierdie tekse, en hoe help dit ons om die verlossingsplan beter te verstaan?**

---

---

---

Johannes die Doper verwys na Jesus as die “Lam van God” waarmee hy die onmiskenbare band tussen Christus en die heiligdom aantoon. Hy stel dit meer direk, met sy verwysing na Christus wie se soendood die enigste voldoende vervulling is van alle lammers (en ook elke offerdier in die Joodse offerstelsel) wat ooit ter vergifnis van sonde geoffer is. Benewens al die ander dinge wat die Vier Evangelies ons leer, is hierdie die groot les: Dat Jesus, in sy hoedanigheid as die Lam van God, vergifnis van sonde aan die wêreld gebring het. Tog eindig die verhaal van Jesus en sy werk ten behoeve van ons verlossing nie by die Evangelies nie, ook nie by sy dood en opstanding nie. Die tema van Christus wat na sy sending as Offerlam as Hoëpriester in die hemelse heiligdom optree, word sommer met die intrapslag in Hebreërs aangeroe. Dit begin met die heel eerste verwysing na Jesus se hoëpriesterlike rol na sy kruisiging (*Heb. 1:3*), met herhaaldelike verwysings na Jesus as Hoëpriester in die opeenvolgende hoofstukke. Christus se taak in die hemel, wat m.b.v. dié offerstelselsimbole uitgebeeld word, kom behoorlik na vore en word ten volle benut in Hebreërs 7:1-28.

**Lees Hebreërs 7:1-28. Wat probeer die skrywer van dié bybelboek vir ons oor Jesus sê?**

---

---

---

Hoewel hierdie versies baie diep en digverweefd is, kom dit basies daarop neer dat Jesus Christus in sy rol as priester ’n beter bediening as die ganse priesterlike orde in die aardse heiligdomstelsel – m.a.w. as die nageslag van Aäron – gehad het. In plaas van aardse priesters en ’n aardse heiligdom, het ons nou ’n hemelse Hoëpriester wat in die hemelse heiligdom vir ons instaan. Wanneer ons ons oë op Jesus gerig hou, is dit op Hom as ons Hoëpriester, wat vir ons in die hemelse heiligdom diens doen.

## Ons Hoëpriester

**Lees Hebreërs 7:24-27 en hfst. 8:6. Watter groot hoop ontvang ons in hierdie skrifgedeeltes?**

---

Christus het die vermoë om ons algeheel te verlos omdat Hy oor 'n aantal eienskappe beskik wat geen ander priester ooit kan hê nie. Hy is God en is al een wat die reg het om sondes te vergewe. Hy het boonop 'n permanente priesterskap. Tydens die Christelike era tree Hy konstant as middelaar vir sy kinders in, met dieselfde liefdevolle medelye as toe Hy die siekes gesondgemaak en die eensames vertroos het. Voorts is hy ten volle mens en tog is Hy sonder sonde gebore en Hy het ook sondeloos gebly. Wat meer is, as die sondelose een sterf Hy onder die verpletterende gewig van al die mensdom se sondes wat tesame op Hom rus. Daarom kan net Hý, as die God-Mens, 'n middelaar vir die mens in die hemelse heiligdom wees. Wat hierdie teksverse ook vir ons wys, is dat Christus se soenoffer vir eens en altyd volmaak voldoende was en is. As eenmalige gebeurtenis was dit honderd persent deurslaggewend. Dit bring totale verlossing aan elke mens wat ooit op aarde geleef het. As 'n mens, per slot van rekening, in ag neem wie vir ons aan die kruis gesterf het, kan daardie soendood mos nie anders as voldoende vir elke mens wees nie, of hoe?

**Lees Hebreërs 9:11-15. Wat het Christus vir ons deur sy dood, en nou deur sy bediening in die hemel, bekom?**

---

Hebreërs 9:12 sê dat Christus 'n “ewige verlossing” vir ons bewerkstellig het (*NAB*). Die oorspronklike Grieks vir verlossing kan ook as “redding,” “loskoping,” “vrystelling” of “bevryding” vertaal word. Dieselfde Griekse woordjie word ook in Lukas 1:68 gebruik, waar Sagaria sê: “Geloof sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het” (*OAB*). Die verwysing na die bloed van Christus in Hebreërs 9:12 – die bloed van die enigste voldoende soenoffer – beteken dat hierdie verlossing, hierdie bevryding, slegs deur Christus as die verlosde Offerlam bewerkstellig is. Die blye boodskap hier – soos die evangelie tereg in Afrikaans genoem word – is dat Christus daardie redding nie vir Homself bekom het nie, maar vir ons, en dat dit vir enigen in werking kan tree wat bereid is om daardie soenoffer te ontvang.

**Dink vir 'n wyle hieroor na: Christus het vir ons 'n “ewige verlossing... tot stand gebring” (*NAB*). Eers daarna het Hy met sy bediening in die hemelse heiligdom ten bate van sy kinders begin. Watter hoop put 'n mens uit hierdie werk wat Christus vir ons in die hemelse heiligdom doen?**

## Ons Middelaar

Hoewel sonde 'n wig van vrees tussen God en die mens gedryf het, word ons deur die soenoffer van Christus weer teruggebring na die Here, en het ons voortdurend toegang tot Hom. Lees *Ef. 2:18* en *1 Pet. 3:18*.

**“Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en is Hy vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek”** (*Heb. 6:19, 20; NAB, werkwoorde in slotsin aangepas*). **Wat het Jesus, volgens hierdie skrifgedeelte, vir ons gedoen?**

---

**Lees *Hebreërs 9:24*. Wat behels Christus se taak onder andere, volgens dié teksvers?**

---

---

Jesus is die Voorloper. As ons Middelaar het Hy die hemelse heiligdom binnegegaan, reg tot in die teenwoordigheid van die Vader – en dit ter wille van ons. Met ander woorde: Jesus vra dat sy soendood – die “ewige verlossing” wat Hy vir ons “tot stand gebring het” – aan die bekeerling toegereken moet word, en Hy doen dit voor die Vader. Wanneer 'n mens jou hart vir Jesus gee, word jou sondes inderdaad vergewe. Dan staan jy voor God, gereinig en ten volle vrygespreek. Feit bly staan, ongelukkig sondig ons steeds van tyd tot tyd na bekering, ten spyte van al dié wonderlike oorwinningsbeloftes. Dit is dán, op daardie oomblik, dat Jesus as ons Voorspraak in die hemelse heiligdom optree. Vir die boetvaardige sondaar doen Hy bemiddeling. Dan beroep Hy Hom nie op ons verdienstelikhede nie (want ons het geen verdienstelikhede nie). Nee, Jesus bied sy eie reddingsdaad – die hoogste vorm van verdienste – voor die Vader aan. “Daarom kan Hy ook volkome red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree” (*Heb. 7:25, OAB*).

**Watter wedergebore Christen voel nie 'n diepe behoefte aan Jesus se voortgesette genade en barmhartigheid nie? Met ander woorde – ten spyte van ons nuwe lewe in Christus, en ten spyte van die wonderlike veranderings in ons handel en wandel, besef ons knaend ons konstante behoefte aan vergifnis en vryspraak. Hoekom is 'n deeglike begrip van Jesus as ons Hoëpriester dan so kosbaar vir ons?**

---

## Die groot Versoendag

Die boek Hebreërs toon dat die aardse offerstelsel as 'n voorbeeld van die hemelse dien, die heiligdom wat Christus as Hoëpriester binnegegaan het om met sy middelaarswerk te begin. Die aardse offerstelsel, met sy twee vertrekke, en sy offer- en reinigingsrituele, was “slegs 'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom, toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig” (*Heb. 8:5, NAB; komma bygevoeg*). Christus se middelaarsbediening in die hemelse heiligdom stem ooreen met die aarde heiligdomstelsel, waarvan die rituele ook in twee vertrekke – die Heiligste en Allerheiligste – geskied het. In die aardse stelsel word die oordeelsdag-begrip m.b.v. die Groot Versoeningdag tuisgebring, 'n seremonie wat die reiniging van die heiligdom bewerkstellig het (soos dit in Levitikus 16 beskryf word). Dit het eenmaal 'n jaar gebeur, waartydens die hoëpriester die tweede vertrek – die Allerheiligste – betree het (*Lev. 16:12-14*), waar hy dan die heiligdom gereinig het, en ook versoening tussen God en sy boetvaardige kinders bewerkstellig het.

**Lees Hebreërs 9:20-23. Wat behoort gereinig en suiwer gemaak te word, en hoekom is dit 'n duidelike verwysing na die Groot Versoendag waarmee Christus nou besig is?**

---

---

---

Bybelkenners staan verstom oor dié stelling dat die hemelse heiligdom gereinig moet word. As 'n mens dit in die lig van die Groot Versoendag-beeld beskou, maak dit egter sin. Hebreërs 9:23 wys vir ons dat die werk wat Christus nou in die hemelse heiligdom doen, inderwaarheid die ware Jakob is, dat die aardse hoëpriester se jaarlikse taak op die Groot Versoendag – waarop hy die Allerheiligste deel van die Israëliete se tenttabernakel moes binnegaan – op die hemelse heiligdomstelsel geskoei is. Die reiniging van die aardse heiligdom deur die aardse hoëpriester het vooruitgewys op die werk wat Christus eendag in die hemelse heiligdom sou doen. Tog sê hierdie teks nie dat die reiniging van die tempel direk na Jesus se hemelvaart begin het nie. Uit 'n deeglike studie van Daniël blyk dit dat die reinigingsfase eers in 1844 begin het. As eindtydgelowiges behoort ons dus die erns van die tydvak waarin ons leef, te verstaan. Terselfdertyd behoort ons gemoedsrus uit ons geloofsekerheid te put, die wete dat Christus reeds in die verlede vir ons 'n verlossing bewerkstellig het, maar dat Hy ook in die hede vir ons in die hemelse Allerheiligste intree.

**Die eerste engel roep uit: “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom” (*Op. 14:7, OAB*). Die oordeel as 'n wesentlike verskynsel wys vir ons hoe naby die voleinding van die wêreld is. Watter uitwerking behoort dit op ons lewens te hê?**

### Vir verdere studie:

Hebreërs wys op die aardse heiligdom as die versinnebeelding van twee dinge: Die verlossing wat Christus vir ons as Soenoffer behaal het, asook sy middelaarsbediening as ons Hoëpriester in die hemel. Die Israeliete se tabernakelstelsel is juis deur God voorgeskryf as 'n tasbare kennismaking met die evangelie. Daaruit moes die Jode oor die verlossingsplan leer, en het begrippe soos soenoffer, bemiddeling, oordeel en die uiteindelijke vernietiging van sonde voor oë gestel. Intussen werp die boek Daniël verdere lig op die eindtyd-aspekte van Christus se afrondingswerk in die hemelse heiligdom. “In Daniël se visioene val die klem op reiniging, oordeel en blaamsuiwering. Derhalwe word die eindtyd in die lig van die Groot Versoendag beskou. Die [komende] reiniging [van die aarde] word direk met die hemelse heiligdom, en met die Heiland se amp as koning en priester, verbind. Daniël se visioene bring 'n tydselement by, wat die leser in staat stel om die spesifieke, historiese oomblik in die ontvouende verlossingsplan te identifiseer, toe die Messias met die reiniging, oordeel en blaamsuiwering in die Vaderhuis begin het” (*Handbook of Seventh-day Adventist Theology*, Hagerstown, Maryland, VSA: Review and Herald® Publishing Association, 2000, bl. 394).

### Vrae vir bespreking:

1. Kyk na die volgende aanhaling uit Ellen G. White: “Die mense in Israel van ouds het gelowig hul sonde op die offerdier geplaas, deur wie se bloed daardie sonde simbolies na die aardse heiligdom oorgedra is. Net so, word die sonde van die boetvaardige sondaar in geloof op Christus geplaas en so na die hemelse heiligdom oorgeplaas. En net soos die seremoniële reiniging van die aardse heiligdom bewerkstellig is deur die verwydering van die sonde waardeur dit besoedel is, moet die daadwerklike reiniging van die hemelse heiligdom bewerkstellig word deur die verwydering – oftewel wissing – van die sonde wat daar geboekstaaf is. Voordat dit egter kan gebeur, moet die boeke eers nagegaan word om te bepaal wie, op grond van hul sondebelydenis en geloof in Christus, op die voordele van sy bemiddeling geregtig is” (*The Great Controversy*, bl. 421, 422). Wat is volgens mev. White die twee dinge wat ons in aanmerking vir die “voordele van sy bemiddeling” bring? Hoekom is dit so belangrik dat God se kinders hierdie dinge deeglik moet begryp, veral in die komende tyd van benoudheid?
2. Lees Levitikus 16:15, 16. Waarvan is die bloed 'n versinnebeelding? Waarop dui dit? Hoekom was bloed so onafskeidbaar deel van vanmelewe se Groot Versoendagrítuele en wat beteken dit vir die moderne gelowige?